

6 Junie 2021

eee

MY WAARDE

kleingroepmateriaal

REFLEKSIE TYD

Dink oor die volgende woorde van Jesus uit Hand 20:35

"Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang"

- Dink aan 'n keer toe jy vrygewig was teenoor iemand. Hoe het dit jou maak voel?
- Dink aan 'n keer toe jy in 'n posisie was toe iemand vrygewig teenoor jou was. Hoe het dit jou maak voel?
- Hoe dink jy voel God as ons vrygewig teenoor Hom is?
- Dit is maklik om te gee as jy baie het. Dit is moeiliker om te gee as jy min het. Wat maak die Gees in jou wakker as jy die verhaal van Markus 12:41 – 44 lees.
- Waarom gee ons dankoffers?
- o Ons sê so dankie.
- o Ons leer om van God afhanklik te lewe.
- o Ons belê in God se Koninkryk en word 'n vennoot daarin.
- o In 'n individualistiese wêreld en 'n kultuur het ons mekaar die nodigste.

Ontvang die volgende twee aanhalings vir die week

- o Always give without remembering, and always receive without forgetting – Brian Tracy
- o We only have what we give – Isabel Allende

VERHAAL DEUR STEPHAN JOUBERT

Moses Montefiore (1784-1885) was een van die rykste mense in England. Met sy honderdste verjaarsdag het die London Times 'n onderhoud met hom gevoer. Die joernalis vra toe vir Montefiore wat sy netto waarde in geldterme is. Toe hy 'n bedrag noem, sê die verslaggewer hy moet sekerlik baie meer geld as dit hê. Montefiore het geantwoord: "Jy het my nie gevra hoeveel ek besit nie; jy het gevra wat ek werd is. Toe het ek uitgewerk hoeveel ek al weggegee het aan mense in nood. Dit is die bedrag, wat ek vir jou genoem het. My waarde is geleë in dit, wat ek weggee."

Wat 'n getuigenis! Om te deel, is om die hartklop van die Here te hê. Paulus vertel in 2 Korintiërs 8:9 dat Christus, wat skatryk was, ter wille van ons almal arm geword het. Ons volg Sy voorbeeld na deur vrygewig te leef. Ons wat Hom navolg het altyd iets om te deel uit die skatkamers van ons hart. Ons kan liefde, deernis, omgee en hoop deel. Ook het ons 'n paar sente en ander maniere van hulp om te deel. Wat ons deel, sê immers wat ons werd is.

13 Junie 2021

eee

U GENADE

kleingroepmateriaal

WORD STIL

Lees hier teksgedeelte 3 keer deur: Lukas 17:11-19

Watter redes sou die 9 hê om nie dankbaar te wees nie?

- Intro-inspeksie: Identifiseer jy met die 9 of die 1? Hoe kan jy hierdie week meer ingestel wees op God se goedheid in jou lewe?

Dankbaarheidsgebed:

Here, dankie vir my asemhaling,

Here, dankie dat ek my tone kan beweeg,

Here, dankie dat ek die koue temperatuur van winter kan voel,

Here, dankie dat ek U teenwoordigheid in die herfsblare se verskeie teksture kan waarneem.

Here, DANKIE.

TEKS VAN DIE WEEK: 1 TIM 1: 12 – 17

**Paulus kyk terug na sy verlede. In die dae toe hy nog Saulus was:
vervolger van die kerk en lasterer van Jesus.**

- Saulus was oortuig dat hy die regte goed vir God doen deur Jesus te vervolg. Sy intensie was eg maar sy optrede skandelik. In Num 15:22 – 31 lees ons van sondes wat ons wetend of onwetend doen. Wees eerlik met jouself voor God: Met watter sonde worstel jy? Sonde van rassime, haat, jaloesie, afguns, onleerbaarheid, kla, materialisme, selfsug. Wat nog?
- Fluister hierdie woorde vir jouself: "Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was" (Luk 19:10). Hierdie is die woorde van Jesus aan Saggeus. In Saggeus se geval was hy wetend besig om sonde te pleeg en ander uit te buit.
- Gee jou onwetende of wetende sondes vir die Here. Moenie hard op jouself wees. Staan in naakte geloof voor God. Sê innig jammer en dat jy bereid is om aan jou sondes te oefen sodat jy dit minder doen.
- Ontvang nou Jesus se genade vir jou vandag. Lees Lukas 15. Sit jouself in die skoene van die verlore skaap, verlore munstuk en verlore seun.
- God het jou so lief dat Hy jou ontvang soos jy is. As ons hierdie oorvloedige genade van God snap, genade wat lankmoedig, barmhartig en uniek is, wil ons vanuit hierdie dankbaarheid leef. Hierdie einste genade maak dat ons lankmoedig, barmhartig en uniek met ons mede mens optree.
- Sluit af met Rom 2:4 "God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?"

Luister die lied en PRYS GOD VIR SY ONEINDIGE DANKBAARHEID:

Phil Wickham - This Is Amazing Grace

20 Junie 2021

eee

HULLE ERFENIS

kleingroepmateriaal

TEKS VAN DIE WEEK

Lees 1 Kron 29: 10 – 19


- Let op hoe dankbaar Dawid teenoor God is. Dawid getuig oor God se grootheid, oor Sy mag en krag (vs 10 – 14).
- Dawid stel homself dan voor as 'n skaduwee wat eendag hier op aarde is, en dan is dit verby (vs 15).
- Dawid getuig verder dat alles wat ons in die lewe besit en ontvang uit God se hand kom en daarom aan God behoort (vs 16).
- Verder getuig Dawid dat God egte harte waardeer, volgelinge wat goed uit opregtheid aanpak (vs 17).
- Dawid sluit dan af deur te getuig dat hy op die skouers van sy voorvaders staan. Hy dra dan vir sy seun, Salomo, ook aan die Here op (vs 18 – 19).

TEKS VAN DIE WEEK: 1 TIM 1: 12 – 17

Dawid was in wêreldse terme 'n groot, populêre en suksesvolle koning. Hy het menslik wonderlike dinge gedoen en word beskryf as 'n Bybelse leier. Ons kan daarom sê dat 'n **"groot koning buig tot 'n Groter God"**. As dit by jou lewe kom, oor wie gaan dit. Oor jou of oor God? Dawid kon dit regkry om God in die middel van sy lewe te plaas. Ja, natuurlik het Dawid baie foute gehad, soos ons almal, steeds het hy vir God in die middel van sy lewe geplaas. Kyk na die volgende diagram en gesels met God oor wat in jou lewe moet skuif.



Uit vers 18 is dit duidelik dat Dawid bewus was van opvolg leierskap ("succession leadership"). Dawid se menslike sukses word toegeskryf aan 'n reeks geestelike leiers soos Abraham en Isak wat God gehoorsaam het. Dawid is bewus dat hy 'n geringe skakel in 'n lang en gehoorsame ketting is wat God se werk doen. Dawid vat ook verantwoordelikheid om Salomo in hierdie tradisie van Gods gehoorsaamheid toe te "op te lei" as opvolg leier.

- 
- Is jy dalk op 'n plek waar jou verlede op die skouers van suksesvolle voorgangers lê, wat die pad makliker vir jou gemaak het? Erken dit, dank God vir dit. Dink hoe jy dit kan voortsit.
- Is jy dalk op 'n plek waar die voorgangers in jou familie, werk of jaargroep toksiese sisteme vir jou gelaat het. Waarnatoe roep die Here jou om hierdie bese skakels te verbreek en 'n nuwe pad vir die toekoms te bou?
- Dink jy ooit aan jou nageslag: nie jou eie familie nie, maar vriende en mede- mense op wie se lewe jy 'n impak kan hê.
- Bid dat die Here jou die wysheid gee om met integriteit en waardigheid op te tree sodat jou opvolgers kan sien, jy dien 'n groot en magtige Koning.
- Bid dat die Here jou invloed verbreed en vermeerder: Dat jy al meer i geskakel sal wees om Goddelik op te tree en 'n voorbeeld te stel.

In 1 Kron 22: 6 – 15 lees ons dat Dawid nie toegelaat word om die tempel te bou nie. Die rede hiervoor is omdat hy te veel bloed op sy hande gehad het weens al die oorloë wat hy suksesvol voltooi het.



Ons lees dat Dawid nie nors en selfbejammerend in 'n hoekie gaan sit nie. Dawid gaan voort om die planne van die tempel op te trek, materiaal te versamel en hy is aktief besig om 'n leier van vrede, Salomo op te rig vir hierdie spesiale taak. Sit jouself in Dawid se skoene. Hoe sou jy reageer het as jy jou hele lewe aan 'n projek gegee het, en jou baas ontnem dit van jou en gee dit vir die nuweling. Hoe sou jy optree?

Hierdie verhaal van Dawid help ons om te besef dat alles in die lewe oor God gaan. Elke stukkies van ons lewe, wei ons aan Hom. Dit is dan wat ons nie bedreig voel deur kollegas, uit jaloesie optree en planne probeer misluk vir ander nie. Dawid sit 'n helpende hand by, al word hy nie toegelaat om die tempel te bou nie.

Ons kan vir mekaar sê dat Dawid saam met die leiers voor hom, gehoorsaam was aan God. Dit is uit hierdie gehoorsame optrede dat hulle 'n erfenis bou waaruit hulle generasie nie die voordeel sal trek nie. Inteendeel, Dawid moet net die werk doen, hy sal nie deel aan die krediet nie. Maar generasies na Dawid sal 'n tempel ontvang waar hulle God kan aanbid en so in ontmoeting met God leef.

Is jy 'n persoon wat in hierdie onsekere tye in Suid Afrika vir jou mede mens leef? Plant jy nou bome sodat jou mede mens eendag die voordeel uit die vrugte en skaduwee sal trek? God vra dat ons gehoorsame leiers sal wees wat bou aan 'n beter erfenis vir ons volgende generasie.



27 Junie 2021

eee

ONS HANDE

kleingroepmateriaal

TYDENS SONDAG SE NAGMAAL:

Dink hieroor na:

- Wat het jy ervaar tydens die smaak van die tekens wat jy gebruik het?
- Wat het jy by die Here se voete kom neersit?
- Maak jou oë toe en sit in God se teenwoordigheid. Fluister saggies: "Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie" (Herhaal dit 'n paar keer)
- Hoe kan jy hierdie week intensioneel jou byl skerp maak? Lees Matt 11:28 – 30.

10DE DANKOFFERMAAND

Dink na aan 10e Dankoffermaand se tema's:

- My Waarde: My waarde lê in dit wat ons weggee, eerder as om te ontvang. Gee jy genoeg weg?
- U Genade: Ons kyk terug na 'n oomblik wat ons God se genade ervaar het: dalk 'n oorlewings-of gesondheids -moment. Vanuit daardie moment se dankbaarheids-verlede leef, deel en beweeg ons vorentoe. Wat beteken Jesus se gebroke liggaam vir jou aan die kruis? Sê jy genoeg dankie? Op watter maniere bring jy dankbaarheid voor God?
- Hulle Erfenis: Ons is trustees in God se Koninkryk. Ons bou vir mekaar 'n beter wêreld al trek ons nie voordeel daaruit in die toekoms nie. Alles wat ons het en besit, behoort aan God. Ons plant bome sodat 'n volgende generasie onder die koelte kan sit en vrugte eet. Wat is jou nalatenskap?
- Ons Hande: Ons hande herinner ons om mededeelsaam te wees en dat daar elke dag 2.5 miljoen geleenthede is om jou medemens te help. Leef jy met oop of toe hande? Hoe lyk jou geestelike hande – is dit vuil of skoon? Watter soort hande dink jy, wil Jesus hê?

Lees die gebed van Paulus deur: Efesiërs 3: 14 – 21

Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.

Amen.



Paulus bid dat die gemeente Jesus se liefde sal ervaar, nie net teoritiseer nie. Hy bid dat die Gees hulle harte sal impakkeer sodat hulle God se liefde wyd, ver, hoog en diep sal deel. Gaan lees gerus Handeling 4:32 – 36. As ons Efesiërs 3:14 – 21 deur die lens van 10e Dankfeesmaand lees, reflekteer ons oor ons dankbaarheid. Ons reflekteer oor hoeveel lugtyd God in my hart en lewe kry.

- Watter offergawe bring ek aan die Here?
- Hoe betoon ek dankbaarheid aan God?

Toringkerk wil graag God se liefde wyd, ver, hoog en diep versprei (baie soos die reuse toring ek kruis waarin die kerk gebou is). Vir ons om dit te doen moet ons praat oor geld. Geld is 'n wesenlike deel van die voortbestaan van God se kerk.

Oor watter saak (behalwe God self!) dink jy praat die Bybel die meeste? Wie dink dis liefde? Geloof? Gebed? Daar is ongeveer 500 teksverse oor gebed in die Bybel, minder as 500 oor geloof en ongeveer 500 oor liefde, maar 2 350 verse oor geld en besittings; in die vier Evangelies handel een uit elke tien verse direk oor geld; 16 van die 38 gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte aanwending van geld en besittings.

Die Bybel praat vyf keer meer oor geld as oor enigiets anders! Daar word so baie oor geld gepraat omdat geld misbruik en wanbestee word. Geld het die potensiaal om mense lelik te maak. Dit het ook die potensiaal om mense mooi te maak.

Ons nooi jou om diep te reflekteer oor jou 10de en as jy dievrymoedigheid het, om dit met jou plaaslike gemeente te deel. Sodoende kan die kerk voortleef om 'n impak uit te oefen in ons gemeenskap.



Dankie dat jy saam gereis het hierdie maand. Dankie vir jou mededeelsame hart.

Wat sê die Bybel?



“As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie. Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, die help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig.” – 2 Korintiërs 8:12-14

“Wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het”. – 1 Korintiërs 29:14

“Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief”. – 2 Korintiërs 9:7

“Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.” – Filipense 4:17,19

